Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko

**NORTH WEST PROVINCE**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
   | AFDELING B: Opsomming | (10) |
   | AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL EN SPOTPRENT

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS 1: TYDSKRIFARTIKEL

# Ek hoor 'n voëltjie twiet ...

Leon-Ben Lamprecht

1 Navorsing deur *World Wide Worx* en *Fuseware* toon dat al meer Suid-Afrikaners, en veral dié bo 60, hulle sê op sosiale media sê.

2 Dié tendens, luidens die navorsing, dui daarop dat Facebook nou hoofstroom in Suid-Afrika geword het: tot 6,8 miljoen Suid-Afrikaners is bedrywig op Facebook! Maar dit is nie al nie: 2,4 miljoen mense kuier op Twitter en WhatsApp is nou die grootste snelboodskapper-geselstoepassing onder Suid-Afrikaners bo 16 met 4,6 miljoen gebruikers. Daar word links en regs ge-*twiet*, ge-*pin*, ge-*status*, ge-*update*, ge-*instagram*.

3 Arthur Goldstuck, besturende direkteur van *World Wide Worx* en redakteur van Gadget.co.za, sê volgens hulle data het die sosiale media die ouderdomsgrens én gaping tussen die stad en platteland oorbrug. Soos van die bed afval, is die verskynsel iets waarin almal kan deel.

4 "Diegene met die meeste Twitter-volgelinge is meestal radio-persoonlikhede, veral dié van 5FM en 702," vertel Arthur. "Die TV vereis jou ore én oë, maar vir die radio het jy meestal eersgenoemde nodig." Terwyl daar webblaaie is wat meen hulle weet hoe om aanlyn-invloed te meet (soos Klout en PeerIndex), voel Arthur dat hulle te kort skiet, omdat hulle byvoorbeeld te veel fokus op Twitter-volgelinge. "Hulle kyk nie akkuraat na wat in die regte wêreld van sosiale invloed gebeur nie." Dis dus baie meer kompleks.

5 En sy raad aan nuwelinge op die sosiale media? "Ek sê altyd vir mense om eers te *lurk*, en te kyk wat ander byvoorbeeld op Twitter kwytraak. Kyk hoe dit gedoen word en gaan soek ook aanlyn vir iets soos sosiale media-etiket. Wat jy ook in gedagte moet hou, is dat sosiale media 'n openbare forum is. "As jy intens privaat is, bly weg daarvan."

6 Volgens *World Wide Worx* se navorsingstuk was Khaya Dlanga die vyfde mees genoemde Suid-Afrikaner op Twitter en hy is in die veertigste plek wat volgelinge betref. Dit behoort ook seker dan geen verrassing te wees nie dat Khaya, kommunikasiebestuurder en skrywer, Twitter bo Facebook verkies.

7 By navraag sê Khaya: "Dis makliker en dit bring jou in aanraking met mense met wie jy nie anders kontak sou gehad het nie. Dit gee jou toegang tot mense se denke en wat op dié oomblik in die wêreld gebeur. Dis meer as net jou vriende." Hy meen nie dis vreemd om jou geheime met vreemdes te deel nie en sê dis dalk juis makliker.

8 Khaya is van mening dat die sosiale media die mense nuuskieriger gemaak het. "Elkeen is nou 'n uitsaaier en dit het die media laat besef dat gewone mense ook 'n stem het."

9 Nie dat dit sonder sy gevare is nie, want die grens tussen jou openbare en privaat persona kan vervaag. Khaya se beste raad is dat jy altyd jou emosies in toom moet hou.

10 Seker die invloedrykste Afrikaanssprekende in die kringe van die sosiale media is die sanger Steve Hofmeyr. Teen druktyd het sy Facebook-blad sowat 153 000 *likes* gehad en @steve_hofmeyr meer as 60 000 Twitter-volgelinge. Hoewel hy beide geniet (omdat hy kan reguleer wat en hoeveel hy uitstuur en deel) verkies hy kommunikasie van aangesig tot aangesig. "Mag die organiese nooit deur die virtuele vervang word nie."

11 En het hy 'n privaat Facebook-blad vir vriende en familie? "Nee. Hulle bel en stuur SMS'e. Die sosiale media is 'n verstommende naelstring tussen mense wat rêrig omgee en belangstel. Selfs kritiek is welkom."

12 Dink hy dat kunstenaars wat nie twiet of Facebook nie, afsteek by die res wat verkope en bywoning van vertonings betref? "Ek dink tog so. Jy ontneem jouself van 'n wonderlike gratis netwerkgeleentheid om vinnig en dadelik jou sleutelareas van belanghebbendes te bereik. Ander mediareklame kan dit nooit doen nie."

13 Gewildheid en invloed bring tog seker 'n mate van verantwoordelikheid mee? "Ek speel nie te veel polisieman op ander se opinies nie. Ek is verantwoordelik vir die wag voor my eie mond, nie die res van die planeet s'n nie. My enigste verantwoordelikheid is eerlikheid en 'n mate van sensitiwiteit ten opsigte van kinders. Jy het altyd die vryheid om nie te wil assosieer met my nie."

14 Ja, hy het raad aan *rookie*-twieters: "Gesels in hoofopskrifte en leer so om jouself te verwoord. Wees boeiend, interessant en prettig of word summier ge-*unfollow* ... Verstom jouself aan die verskeidenheid opinies en data daar buite."

[Aangepas uit: *Taalgenoot*, Herfs 2013]

1.1 Watter verband is daar tussen die titel en die eerste paragraaf van die artikel? (2)

1.2 Verklaar die woord *hoofstroom* in paragraaf 2 in 'n volsin. (1)

1.3 Is die gebruik van die Engelse woorde in die laaste sin in paragraaf 2 gepas? Motiveer jou antwoord. (2)

1.4 Tot watter gevolgtrekking het Arthur Goldstuck gekom nadat hulle navorsing oor sosiale media afgehandel is? (2)

1.5 In paragraaf 4 is daar botsende menings oor hóé bepaal moet word wie die meeste volgelinge op sosiale media het. Verduidelik hierdie stelling kortliks. (2)

1.6 Watter advies gee mnr. Goldstuck aan mense wat nog nie so vertroud met sosiale media is nie? (3)

1.7 *Sosiale media is 'n openbare forum.* Wat word hiermee geïmpliseer? (1)

1.8 Waarom is dit geen verrassing dat Khaya Dlanga Twitter bo Facebook verkies nie? (2)

1.9 Stem jy met Khaya se siening saam dat dit makliker is om jou geheime met vreemde mense te deel? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.10 Op watter wyse bemagtig sosiale media die algemene publiek? (1)

1.11 Identifiseer DRIE opeenvolgende woorde in paragraaf 10 wat Steve se voorkeur-kommunikasiemiddel met sy volgelinge, aantoon. (1)

1.12 Steve beskou sosiale media as 'n *naelstring* tussen mense. Na watter kontrasterende groepe verwys hy? (2)

1.13 Lewer kritiese kommentaar op Steve se uitlating in paragraaf 13 dat hy verantwoordelik is vir die wag voor sy eie mond en nie ander mense s'n nie. (2)

1.14 Watter voorwaardes gee Steve aan onervare twieters om te voorkom dat ander ophou om hul te volg? (2)

**EN**

## TEKS 2: SPOTPRENT




[Aangepas uit: www.netwerk24.com]

1.15 Hoekom, dink jy, is die ma nie verbaas oor wat sy in die Volksblad lees nie? (1)

1.16 Hoe sluit die spotprent by die artikel aan? (2)

1.17 Watter visuele bewys is in die spotprent dat die elektroniese apparaat 'n negatiewe uitwerking op die gebruikers het? (1)

1.18 Verduidelik die moontlike dubbelsinnigheid in die wurm se woorde:
... *weet nie of hier ruimte vir groei is nie ...* (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

1 Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van die **SEWE wenke om geld te spaar.**
2 Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
3 Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4 Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

## KOEBAAI, MNR. PLATSAK!

Die meeste miljoenêrs het nie met een miljoen rand in harde kontant begin nie. Hulle het slim gewerk met die min geld wat hulle gehad het. Vernuftig. Vindingryk. En hard.

Dit is nie maklik om geld te spaar nie. Selfs al het jy sakke vol geld! Maar as jy nóú begin, terwyl al jou geld nog in een klein beursie pas, is jy gerat vir 'n goue toekoms.

Gaan haal daardie spaarvarkie uit jou kas ... en gebruik dit! Neem 'n besluit om elke keer 'n sekere persentasie van jou sakgeld of inkomste in die spaarvarkie te gooi. As jou sakgeld te min is, gooi dan net jou sente in.

'n Bietjie hier, 'n bietjie daar en siedaar! Selfs al sit jy net 'n klein bedraggie elke maand weg, kan dit met verloop van tyd 'n stewige bedrag word. Die omgekeerde is ook waar. As jy elke dag koeldrank of sjokolade koop, raak dit later 'n bedrag waarmee jy eerder 'n CD of 'n tydskrif kon gekoop het.

Stel 'n begroting op. Dit hoef nie *fancy* te wees nie – dit moet vir jou gerieflik wees om te gebruik. 'n Begroting werk só: maak 'n lys van jou inkomste. Maak 'n lys van jou uitgawes. Skep kategorieë, byvoorbeeld selfoon, uitgaan, musiek, klere, skool, onvoorsien. Inkomste minus uitgawes is spaargeld. Hersien jou begroting gereeld.

Ken jou swak punte. As die R50-noot in jou sak té 'n groot versoeking is, moet dan nie met kontant in jou sak rondloop nie! As jy koop om jouself gelukkig te maak, gaan dink en bid oor die saak. Vra jouself af of dit jou werklik gelukkig maak.

Moenie sommer voor die voet koop nie! Wees op die uitkyk vir winskopies. Hou advertensies dop, doen navorsing voordat jy aankope doen.

Moenie kop verloor by uitverkopings nie! Neem verstandige besluite.

Die meeste mense sal jou aanraai om weg te bly van skuld. Leer jouself nou al om klaar te kom met wat jy het. As jy geld leen (veral deur middel van 'n kredietkaart) betaal jy rente en dit kos op die lang duur báie meer.

[Aangepas uit: *Lig*, Januarie 2010]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.




1 **Meeste skoolvertalers het na al die eksamens 'n blaaskans nodig. Ons dink dis 'n goeie plan om ná skool weg te breek en te besin oor die toekoms wat op jou wag. Die ATKV bied jou 'n geleentheid om verskeie lewensvaardighede te ontwikkel, lewenslange vriendskappe te smee en op jou tyd jou grootste loopbaankeuses te maak. Die ATKV-Postmatriekjaar is 'n tien maande lange wegbreekjaar aangebied op ATKV-oorde. Die Drakensberge dien as basis en tot soveel as vyf ATKV-spogoorde, geleë in van die mooiste dele van ons land, word deur die loop van die jaar besoek.**

2 **Van die hoofdoelwitte van die jaar is om tydens 'n program gevul met visie, doelwitte, avontuur en uitdagings nie net leierskappotensiaal te ontwikkel nie, maar ook die insig en vermoë te ontwikkel om ingeligte loopbaanbesluite te neem en seker te maak dat daar 'n nuwe wêreld vir die skoolverlater ontsluit word. Die program sluit o.a. in:**

3 **PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING**
- **Emosionele intelligensie**
- **Kommunikasie**
- **Probleemoplossing**
- **Konflikbestuur**

4 **TOEKOMSBEPLANNING**
- **Loopbaanvoorligting**
- **Skaduwerk**
- **Opstel van CV's**
- **SAQA geakkrediteerde fasiliterings- en assessorkursus**

5 **STRAATSKERP**
- **Entrepreneurskap**
- **Projekbestuur**
- **Etiket**
- **Selfverdediging**

**Vir meer besonderhede kontak Lizette Odendaal by 011 919 9038/ lizetteo@atkv.org.za.**

[Aangepas uit: www.atkv.org.za]

3.1 Wat is die betekenis van die premorfeem in *postmatriek* (kop van die advertensie)? (1)

3.2 Die eerste sin in paragraaf 1 is taalkundig foutief saamgestel vanweë Engelse beïnvloeding. Herskryf die sin en korrigeer die fout. (1)

3.3 *Die Drakensberge dien as basis.*

Maak 'n sin met die homoniem van *as* in die bostaande sin. (1)

3.4 Haal EEN woord uit paragraaf 2 aan waar die skryfteken die begin van die nuwe lettergreep aantoon. (1)

3.5 Vorm 'n persoonsnaam van die woord *avontuur* in paragraaf 2 en gebruik dit in 'n verklarende sin. (1)

3.6 Gee die meervoudsvorm van die woord *vermoë* in paragraaf 2. (1)

3.7 In watter klankgrepe sal jy die woord *persoonlikheidsontwikkeling* in paragraaf 3 uitspreek? (1)

3.8 Maak 'n sin met die afgeleide werkwoord van *kommunikasie* in paragraaf 3. (1)

3.9 Gee die korrekte vorm van die woord in hakies.

Na afloop van die ATKV se postmatriekjaar, sal jy 'n (intellek) gesprek oor probleemoplossing kan voer. (1)


3.10 Dink jy die advertensie sou ewe veel trefkrag gehad het as foto's, eerder as illustrasies, gebruik is? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 4: VISUELE TEKSTE

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Raampie 1** **Raampie 2** **Raampie 3**




[Aangepas uit: http:daniecronje.co.za/tuis/meestr]

4.1 Skryf die onderwyser se woorde in raampie 1 oor in die indirekte rede.

Begin jou sin met: *Meneer skree ...* (1)

4.2 Hoe ondersteun die onderwyser se lyftaal sy woorde in raampie 1? (1)

4.3 Waarom is die leestekengebruik in die tweede raampie geslaagd? (1)

4.4 Gee die intensiewe vorm van *doof* in raampie 2. (1)

4.5 Wat impliseer Neelsie se woorde in raampie 3? (1)

**Raampie 1** **Raampie 2** **Raampie 3**




[Aangepas uit: http:daniecronje.co.za/tuis/meestr]

4.6 Watter klankverskynsel kan voorkom by die uitspraak van *julle* in raampie 1? (1)

4.7 Verbind die laaste twee sinne in raampie 1 met 'n verbindingswoord wat oorsaak en gevolg aantoon. (1)

4.8 Skryf die sin in raampie 2 in die verlede tyd. (1)

Kopiereg voorbehou 

4.9 Gebruik die korrekte aksentteken om die woord *Haai* (raampie 3) te beklemtoon. (1)

4.10 Herskryf die sin in raampie 3 en vervang die bywoord van modaliteit met 'n bywoord van tyd. (1)
**[10]**

**EN**

**VRAAG 5: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

# WORD TEGNO-SM(S)LIM

**Riëtte Grobler**

1 Jy kan vinniger 'n boodskap tans die wêreld oor stuur as wat jy kan sê "Send".

2 Maar om die skade te herstel wat daardie boodskap aanrig, om die skinderstorie stop te sit wat jy begin het, of om te keer dat die kaalfoto's wat by die skool geneem is vir jou ma aangestuur word, is nie heeltemal so maklik nie.

3 Op 'n seminaar wat twee weke gelede deur die Kindertraumakliniek in Pretoria aangebied is, het Dr. Piet Streicher gesê tieners besef nie watter gevare tegnologie alles inhou nie. Streicher praat gereeld by skole oor tegnologiese veiligheid. Hy is die besturende direkteur van BulkSMS.

4 "Almal het die geleentheid om enige foto's, video's en artikels wêreldwyd te publiseer," sê hy. Internetnavorsers sê daar is vandag meer maniere as ooit om 'n boodskap te stuur. Met die Internet kan enige iets virtueel beleef word. Dis presies omdat dit so maklik is omdat ons selfone huidiglik soos 'n derde hand geword het, dat dit nodig is om 'n kopskuif te maak oor selfoon- en Internetveiligheid. Wanneer jy eers iets in die kuberruim gepubliseer het, veral op die Internet, is dit vir altyd daar.

[Aangepas uit: *Jip*, Junie 2012]

5.1 Herskryf die sin in paragraaf 1 sodat die woorde in die korrekte volgorde is. (1)

5.2 In paragraaf 3 kom 'n fout met betrekking tot hooflettergebruik voor. Identifiseer die fout en skryf dit korrek oor. (1)

5.3 Verander die laaste sin in paragraaf 3 in 'n vraagsin deur van 'n vraende voornaamwoord gebruik te maak. (1)

5.4 Gee EEN woord vir die sinsdeel tussen hakies.

Dit is (in vandag se dae) belangrik om tegno-slim te wees. (1)

5.5 Haal EEN woord uit die artikel aan wat verwys na optiese beelde op 'n rekenaarskerm gepaardgaande met klank wat 'n plek in die werklikheid voorstel. (1)

5.6 Waarom is dit noodsaaklik dat *sê* in paragraaf 4 met 'n kappie geskryf word? (1)

5.7 Maak kort sinne met *vieruur* en *vier uur* om die verskil in betekenis aan te toon. (1)

5.8 Gee die korrekte vorm van die deelwoord in hakies.

Die Internet bied baie (opwen) geleenthede vir tieners. (1)

5.9 Tot watter woordsoort behoort *tegnologiese* in paragraaf 3? (1)

5.10 Watter konnotasie heg jy aan *... derde hand ...* in paragraaf 4? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou